

Foto: Pieter Kritzinger

# Kranspoort Bulletin

Uitgawe 8,  Januarie 2022

## Wat sal jy graag wil sien in Kranspoort, in 2022?

## In hierdie uitgawe:

**Hoogepunte**

- Johan gesels - Bl 1
- Wat sal jy graag wil sien in Kranspoort, in 2022? Kranspoorters antwoord - Bl 3

**Temas**

Aktueel - Bl 2

Natuur - Bl 6

Gemeenskap - Bl 11

Sport - Bl 18

Inspirasie - Bl 20

Foto-gallery - Bl 29

Advertensies - Bl 33

# Wat ek graag sal wil sien…..

'n Nuwe jaar. Die jaar is 2022. Die lug is vars, Kranspoort is lowergroen. Die riviere is vol borrelende, lewegewende water en die velde is gevul met nuwe lewe.

Die mense van Kranspoort voel nog die nadraai van 2021 se Covid-19, maar ook die nadraai van al Desember se feesvieringe. Goeie, geseënde ervaringe. Familietyd is so kosbaar.

Dit het my diep laat nadink aan "wat sal ek graag wil sien *in* Kranspoort, *vir* Kranspoort, *in* hierdie nuwe jaar." Vele gedagtes het in my gewoel, maar telkens op een woord geëindig: *Verdraagsaamheid.* Die gawe om mekaar te kan verdra. Op ons paaie, met die gebruik van sosiale media, in besprekings rondom die braaivleisvuur, waar ook al…. verdra mekaar!

Ek het dit ook met die redaksielede bespreek en hier is hulle wense vir 2022:

**Johan Botha**: Leef die redes uit waarvoor jy Kranspoort as jou tuiste gekies het.

**Elsabé Strydom**: Dat Kranspoort my holte van my voet sal bly en sonder bekommernis kan leef en bly.

**Hester Hattingh**: Samehorigheid onder inwoners: respek vir reëls, mense en diere. Daar is ongelukkig mense in ons dorp wat elke geleentheid gebruik om teenstrydig met die reëls te wees en ander inwoners te beïnvloed om hulle in daardie dwarsheid te volg. Ons is bevoorreg om in hierdie pragtige dorp te woon, waar soveel inwoners gewillig saamwerk om die plek selfs nog beter te probeer maak. Kom ons werk saam!

**Trisha Louwrens:** Wees sensitief en konsidererend: Wanneer ek in gesprek tree met 'n persoon, bekend of onbekend, familie of goeie vriend; neem ek 'n oomblik om die persoon se gemoedstoestand te oorweeg, voordat ek wegval om sy borskas oop te ruk en my opinie blatant op sy hart te forseer. Die persoon voor my is nie 'n meubelstuk of ornament nie, maar mens soos ek en jy.

Daardie persoon wat voor jou staan is ook iemand met behoeftes en gevoelens, of dalk iets wat hy met jou wil deel wat baie swaar op sy hart druk. Wat ek graag in Kranspoort sal wil sien, is meer dat ons mekaar en mekaar se gevoelens in ag neem. Wanneer jy met iemand gesels, telefonies of per WhatsApp, wees konsidererend en sensitief vir daardie persoon se gevoelens.

**Erna Ruthven**: Geen misdaad, beter toegangbeheer, geen rommelstrooiing op paaie nie.

Namens die Redaksie wens ons alle Kranspoorters 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

Geniet hierdie Bulletin
Wanda Underhay

# Johan gesels…

*Johan Cross, Voorsitter van KEK, gesels met ons.*

Nuwejaar is 'n tyd van jolyt, lekker eet, nuwe voornemens en herkou aan 2021. Amper soos jou verjaarsdag, maar tog anders. Nuwejaar deel almal saam hierdie ervaring. Vreemdes en vergetenes wens mekaar die mooiste dinge toe. En almal hoop en glo dit word waar.

Met dit in gedagte is ek die afgelope tyd telkemale herinner aan die wyse waarop ons onderlinge verskille oplos. Ons stem dikwels saam oor die feite (WAT) van 'n probleem maar kan soms voete eerste in iemand se keel afspring (HOE) as ons die verskil probeer oplos. Om van die teenreaksie en gestry nie eers te praat nie.

Dit herinner my aan die storie, blykbaar waar, van die jong Amerikaanse toeris in Japan.

Onderweg in een van die treine sit-lê hy met sy voete op die oorkantste sitplek. 'n Groot nee-nee in die Japanse kultuur en die rede vir sy mede-passasiers se onderlangse gebrom in Japanees. Sommer pleinweg onbeskof.

'n Krom ou tannetjie stap die kajuit binne en som die gespanne atmosfeer onmiddellik op. Sy gaan sit oorkant die jongeling, neem sy voete en sit dit op haar skoot. Baie verleë wil hy weet hoekom. "Ons het baie hard gewerk en swaar gekry om ons land en bates op te bou. Ons respekteer dit en pas dit mooi op. Maar ons respekteer ook jou as toeris en wil graag hê dit moet vir jou gemaklik wees in ons land. Jy moet dit geniet."

My allergrootste wens vir Kranspoort is dat ons mekaar genoeg sal respekteer, dat ons verskille met dieselfde wysheid bygelê word. Dit verg soms self-opoffering maar so gee ons betekenis aan ons nuwejaar wense, versies, videos en gebedjies.

Wees veilig en mooi loop.
Johan Cross



Foto deur Marius

# Operasionele verslag: Christo gesels met Elsabé oor Kranspoort se paaie.

Heel eerstens moet ons onthou dat ons nie in ‘n dorp met teerpaaie bly nie. Die feit dat Kranspoort baie hellings het, maak die instandhouding van paaie baie moeilik.
Lopende water volg die maklikste pad af, hetsy dwars oor die pad, langs die pad of skuins oor die pad en neem gewoonlik heelwat van die grond en klippies daarmee saam. Natuurlik lei dit tot verspoelings, slote en gate in ons paaie.

Met beperkte fondse tot ons beskikking, probeer ons om so gereeld moontlik herstelwerk te doen. In Swartbaarsingel het ons ‘n eksperiment gedoen om teen ‘n hoë koste, ‘n gedeelte met sement uit te lê. Om dit in perspektief te plaas, die koste verbonde aan twintig meter was R75 255.00. Die ideaal sou wees om al die paaie met sementpaaie te vervang, hoewel die hoë kostes dit nie prakties uitvoerbaar maak nie. ‘n Meer bekostigbare alternatief, is om ‘n mengsel van droë sement en padgruis met n verhouding van agt tot twee, te gooi.

Dit word dan bietjie natgespuit om effens te kompakteer. Voertuie ry dit dan verder plat en dit kompakteer behoorlik met verloop van tyd. Dit bied ook beskerming teen verdere erosie en verspoelings. Die proses het ‘n redelike mate van sukses bewys en lewer ‘n besparing van tussen n kwart en die helfte van sementblaaie se koste.

‘n Verdere uitdaging wat ons het, is die toerusting waaroor Kranspoort beskik. Die toerusting is oud en nie meer toereikend vir die werk wat verrig moet word nie. Die stootskraper is nie sterk genoeg nie. Sommige paaie het soveel klippe dat dit die skraper kan beskadig. Die oplossing is om nog sementblaaie te gooi. Dit sal in fases geskied, volgens ons finansiële en instandhoudingsbeplanning. Die eerste fase is om Elandsingel, waar dit ook baie klipperig is, te verbeter.

U-vormige dreineringskanaal word met sement dwars oor die pad gegooi, juis om die water te kanaliseer. Dit skep egter weer nuwe uitdagings. Heelwat eienaars is karavaankampeerders en sukkel om die karavaan veilig deur die kanale te sleep. Dus word die kanaal vlakker gemaak, wat weer veroorsaak dat die water bo-oor die kante spoel. Dis moeilik om n goeie balans te handhaaf en om almal gelukkig te hou.

Die span is egter voortdurend besig om herstelwerk te doen en planne te beraam om ons paaie-struktuur te verbeter.

**Kranspoort Direksie:**

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr.

Steve J van Rensburg:
Direkteur: Sekuriteit, Gesondheid en Veiligheid.

Dawid van der Walt
Direkteur: Wild en Omgewingsake.
Sel nr. 082 851 8165

Theo Hurter
Direkteur: Heffings en lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf en Menslikehulpbron-dienste
Sel nr. 083 279 4272

# Algemene Jaarvergadering (8 Januarie), ‘n beknopte uittreksel.

Gedurende die vergadering het sprekers duidelike en belangrike boodskappe voorgehou:

**Karina Koelman:** Is julle ‘n dorp of eko-landgoed? Indien Kranspoort as eko-landgoed vir julle belangrik is, bestuur dit dan daarvolgens. Die natuur sal by julle aanpas. Dit is KEK asook inwoners se verantwoordelikheid om die ekologiese habitat oordeelkundig en ingelig te bestuur. (die volledige klankbaan van Karina se praatjie sal eersdaag by die kantoor beskikbaar wees. Dit sal ook volledig in die volgende Bulletin bespreek word).

**Johan Cross** vra die gehoor: “Waarheen is ons(Kranspoort) oppad? Wil ons as dorp bekend staan en ontwikkel of as voorstad van Middelburg? En wat gaan ons doen om daardie besluit uit te leef en so doelwit te bereik?
Ons is ‘n baie diverse gemeenskap, nie net in agtergrond en persoonlikhede nie, maar ook die verskillende verwagtinge van inwoners, naweekbesoekers en tuiswerkers. Dit is ‘n redelike uitdaging om ‘n plek soos Kranspoort te bestuur. Die bestuur versoek dus duidelikheid en mandaat van Kranspoorteienaar en -inwoners om daardie besluit te neem: “Wat is ons? Is ons 'n voorstad of 'n ekologiese-eenheid of wat doen ons (alle Kranspoorters) om daardie besluit uit te leef en ons mooie Kranspoort te ontwikkel en bewaar? ”

Frik Roux word ook eenparig verkies as direkteur Omgewingsake en Wildbestuur in die plek van David vd Walt wat afstaan na termyn verstryk het.

*Die volledige notule van die vergadering sal eersdaags aan alle eienaars en inwoners versprei word.*

# Kranspoorters se nuwejaarswense in antwoord op die Bulletin se temavraag:

## Wat sal jy graag wil sien in Kranspoort, in 2022?

Christo Landman: Verdraagsaamheid,liefde en vrede.

Marita Hamman: Dat ons kan wildkyk in die somer tot minsterns half sewe in die middag. Dan is dit nie meer so erg warm nie en die lig is so sag vir mooi foto’s.

Pine Pienaar: My wens is vir die oprigting van ‘n rolbalbaan, moontlik langs die jukskeibane.

Adriaan Meintjies: Ek sal graag regte strate wil sien. Nie riviere waarin ons moet ry nie. Ek weet hulle doen dit al sò vir 30 jaar, maar daar is beslis beter maniere.

Werda Kromhout: Vrede en verdraagsaamheid! Toon begrip dat almal nie dieselfde is nie en dat ons mag verskil.

Willie Schoeman: Rus en vrede en in die mense en diere ‘n welbehae. Welbehae in die sin van dit is waar ek wil wees, waar ek deel van ‘n gemeenskap kan wees, en waar ek ‘n bydrae tot die gemeenskaplike belang van die gemeenskap kan maak. Voorspoed vir 2022 en mag die letsels van 2021 ten volle genees en in die mooiste bloeisels bot gedurende 2022.

Piet Knoetse: Sal graag wil sien dat ons nuwe stigtingsvoorwaardes vroeg in 2022 in plek is, sodat ons ‘n absolute vreedsame gemeenskap met een doel voor oë het: ‘n gemeenskap wat saam staan en een stel reëls, wat almal moet volg.

Benita Myburg: ‘n Lekker piekniekspot met speelraam in die visse-area. Ook dat ons paaie in die Visse-area, wat vreeslik verspoel het, beter instand gehou sal word. Wanneer word die laaste gedeelte van Kranspoortrylaan geplavei?

*Vervolg op bladsy 4*

# Wat ek graag wil sien in Kranspoort in 2022 (Kranspoorters sê hulle sê):

Fonnie en Pieta van Vuuren: Ons sal graag die volgende wil sien:

1. Hondevrye Kranspoort.
2. Geen motorfietse (soos wat die reëls eintlik stipuleer).
3. Dat hul die pad in Kranspoortrylaan sal klaarmaak met steentjies.

Luanka Fourie: Meer deursigtigheid met wilduitdunning en redes daar agter. Hoekom en hoeveel uitgedun moet word. Meer inligting en opvoeding daar rondom.

Hannetjie Kritzinger: Die klaarmaak van die plaveiselpad sal baie nice wees.

Elsabé Wilkens: Natuurlik sal ons ook graag wil sien dat honde uit Kranspoort verban word. Ons wag om meer goeie nuus daaroor te hoor.

Regard en Edith Grentholtz: Baie ware vriende, liefde, geluk en gesondheid en vele lekker kuiers.

Dries Lategan: Verdraagsaamheid en samewerking.

Deon Taljaard: Ek het net een woord: Tennisbaan.

Hannetjie Senekal: Ek sal graag GEEN HONDE en KATTE in Kranspoort wil sien nie en ook geen "crackers" wil hoor nie.

Wynand Pretorius: Samehorigheid tussen Kranspoort inwoners. Dat daar uiteindelik uitsluitsel verkry sal word oor die stigtingsvoorwaardes van Kranspoort Vakansiedorp en dat almal sal bydra tot die voortbestaan van die mooi dorp.

Abel Venter: Ek sal graag die volgende wil sien gebeur in 2022: dat die plaveiselpad voltooi word, afhandeling van die gewysigde stigtingvoorwaardes (al lank uitstaande) en om die Gholfbaan as 'n besigheid te hanteer. Ek sal graag wil sien dat 'n goed ontwikkelde strategie in plek gesit word om die Gholfbaan verder te ontwikkel en op sy volle potensiaal bestuur word.

Anoniem: Ondersteun almal plaaslik en gun almal 'n plekkie in Kranspoort.

Elsabé en Jan Wilken: Ons wil graag 'n gemsbokbul en elande in Kranspoort sien.

Pieter en Jan: Boys club

Theo Hurter

My wens vir Kranspoort in 2022 is vrede, veiligheid en voorspoed. Die hoop is dat misdaad opdroog, inwoners in harmonie kan saamwoon, mekaar in ag neem en volgens die huisreëls optree. Ons is regtig geseënd om hierdie +-1000 hektaar met die pragtige fauna en flora ons tuiste te kan noem. Ten spyte van ons, as inwoners, se verskille oor baie dinge, bind een ding ons almal saam en dit is ons liefde vir ons dorp Kranspoort. Mag 2022 die jaar word dat ons Covid19 ook kan afskud.




Foto deur Tienie

**Willemien Badenhorst:**

Ongetwyfeld dat inwoners weer die rede sal onthou waarom elkeen van ons hier gekoop het en dit sal uitleef! Dit is so ongelooflike voorreg om hier te kan bly… skoon lug, pragtige bosveld atmosfeer…die wild wat daagliks, as bekende gaste, by elkeen se stoep kom kuier! Onthou ons nog hoe spesiaal dit is? Die pragtige staproetes, die 4x4-roetes, die gholfbaan asook ons eie hengelplek! Die voëlkyk- asook jukskeiklub, waar nuwe vriendskappe gevorm word! Die laat-aand kuiers rondom bomavure onder duisende sterre.

'n Unieke leefstyl in SA! Die besondere stilte…asook die opwindende naggeluide! Waarom sal ons dit prys gee vir "die eie ek… net my wil… soos ek wanneer ek wil…ek sal my nie laat voorskryf nie!

Is dit hoe ons die kosbare herinneringe met hartsmense gaan laat verdwyn? Ek gaan beslis nie! Gaan jy?

# Geld wat stom is maak reg wat krom is….

Finansiële binnewerke soos bespreek deur Dries Lategan

Wat gebeur met ons finansies?

Kranspoort is huidig finansieël gesond, met die gevolg dat daar voldoende fondse is om alle strukture voldoende in stand te hou, maar ongelukkig nie genoeg om verbeterings aan te bring nie, bv. verbetering aan paaie, addisionele sportgeriewe, ens.

Daar is 'n besparingsaksie met die doel om kritiese uitstaande projekte aan te pak, bv. opgradering van waterstelsels. Hierdie fondse het ons in staat gestel om onder andere Kareetenk kontant te betaal.

Jaarliks word die begroting hersien en aangepas. Direkteure het beheer oor hul eie begrotingsportefeuljes en is verantwoordelik vir hul portefeuljebegroting en -besteding. Die saamgevoegde begroting word deur eksterne finansiële konsultante hanteer en aan KEK voorgelê. Gedurende die AJV word die begroting bespreek en Kranspoorters se insette verkry, waarna aanpassings gedoen word en goedkeuring deur die direksie volg. Die begroting word na alle eienaars versprei vir kennisname, asook op die Kranspoort webwerf geplaas.

KEK beskik oor 'n finansiële beleid waarin gestippuleer word dat geen kapitaal mag vloei, wat nie in die begroting aangedui word nie. In noodgevalle sal kapitaal tussen begroting-items rondgeskuif word, maar geen addisionele finansies word beskikbaar gemaak nie.

Kranspoort Operasionele Bestuurder (Christo Landman) ontvang daagliks 'n inkomste en uitgawe staat, wat hy teenoor die begroting kontroleer.

Vorige jare is baie klagtes ontvang oor gholfbaankostes wat deur die dorpsbegroting gevloei het. Die goeie nuus is dat daardie probleem opgelos is en die gholfbaan nou finansieel onafhanklik funksioneer. Dit plaas hom in beheer en ingelig oor daaglikse finansiële stand.

Eienaars ontvang maandeliks 'n staat wat benutting van water, asook die heffings insluit. Op die staat kan inwoners ook sien wat die finansiële stand van Kranspoort is. Hierdie inkomstes is die grootste algemene inkomste vir Kranspoort en verseker dat instandhouding en daaglikse bestuur van die dorp gehandhaaf kan word.

Eienaars is verantwoordelik vir die dekking van daardie koste. Eienaars met finansiële uitdagings kan met Christo gesels om moontlike alternatiewe reëlings vir betaling te tref.

Dit is egter ook teleurstellend om te verneem van eienaars wat verseg om heffings en waterbesteding te betaal. Dit het 'n daadwerklike en steurende uitwerking op die finansiële gesondheid van Kranspoort en affekteer ongelukkig alle inwoners. Indien hierdie probleem nie opgelos kan word nie, is die moontlike uiteinde dat die Munisipaliteit van Middelburg die totale bestuur van Kranspoort kan kom oorneem. Dit sal alle instandhouding van die infrastuktuur, asook veskaffing van dienste, insluit bv. water, rommelopruiming, sekuriteit, ens.

Sekuriteit in Kranspoort is huidig 'n verdeelde verantwoordelikheid. KEK voorsien toegansbeheer, asook voorkoming- en reaksiebeheer van die groter Kranspoort. Eienaars of inwoners is verantwoordelik vir hul eie veiligheid en sekuriteit van hul wonings. Groot dank word uitgespreek aan die Opstoppers wat 'n kritiese rol in inwoners se veiligheid speel. Gesamentlik maak dit van Kranspoort 'n relatiewe veilige woongebied.

2022 lyk egter positief. Daar word daadwerklik aksie geneem om agterstallige heffings in te vorder en inwoners te motiveer om betyds hul heffingskuld te vereffen. Die finansiële-span wil graag elke inwoner wat gereeld en betyds betaal, bedank.

"Ons wens elkeen 'n wonderlike en gesonde 2022 toe. Mag hierdie jaar gesaai wees met goeie voornemes en postiewe gedagtes. Mense wat omgee en saamwerk, is die steunpilaar van enige suksesvolle gemeenskap."

# In die Natuur: (Kranspoort se bome – deel 6)

Die nommer tussen hakies dui die nasionale nommer van die boom aan.

*Saamgestel deur Wanda Underhay*

## Rooiboswilg -*combretum apiculatum* (532)








Dit is ‘n kleinerige, bladwisselende boom met kaal, korterige, gekromde stam en redelike yl, spreiende kroon. Bome kom soms voor as verspotte, meerstammige boompies, dikwels met digte kroon.

<u>Blare</u>
Die blaar vernou skerp tot 'n gedraaide blaarpunt. Die loof word met herfstyd rooierig of goudkleurig.

<u>Blomme</u>
Hulle dra geel of groenerige blomme met klein kelk- en kroonblare, en met die style en meeldrade om en by 0.5 cm lank. Die blomme is sterk gegeur.

<u>Vrugte</u>
Die rooierige, gevlerkte vrugte is 2 tot 3 cm lank.
Die vrugte is skadelik vir lewende hawe weens die toksiese bestanddele daarvan.

<u>Gebruik</u>
Hierdie boom het digte, fyngegrynde, sterk, donkerbruin tot swart pithout, wat soms vir brandhout of vir houtskool-vervaardiging gebruik word.

## Vaderlandswilg -*combretum erythrophyllum* (536)







Die Vaderlandswilg is 'n pragtige bladwisselende boom wat tot 18 meter hoog kan word. Dit het 'n pragtige kenmerkende ligte stam wat baie treffend vertoon. Dit is uiters veelsydig en word hoogs aanbeveel as uitstekende skaduboom wat baie vinnig groei en swaar ryp kan weerstaan. Agv sy eienskap om swaar ryp te kan weerstaan kan dit baie wyd aangeplant word. Dit is verbasend droogtebestand as dit eers gevestig is. Plant sommer heelwat van hierdie bome langs waterstrome of damme, waar dit heerlike skadu sal gee en ook die waterbron sal beskerm. Die wortelstelsel is nie aggressief nie en dit kan suksesvol as straatboom of langs 'n oprit geplant word. Die herfskleure is ook pragtig.

<u>Blare</u>
Jong blare is effens klewerig, are gesonke aan onderkant. Dit is ook prominent en gelerig aan onderkant, met geel en rooi herfskleure.

<u>Blomme</u>
Blomme is lig liggeel, baie klein en ruik lekker. Blomtyd is van September tot November.

<u>Vrugte</u>
Vrugte is 4-vlerkig en ligbruin.
Kameelperde, njalas en bosbokke vreet die blare en kameelperde hou ook van die jong takkies en blomme.

Ek is telkens verras en ook verstom oor die groot verskeidenheid foto's wat Kranspoorters op die verskillende sosiale mediaplatforms plaas. Dis meestal natuurfoto's waarvan baie ons geveerde vriendjies insluit. Die pragtige foto's en interessante vrae rondom die voëlspesies, laat my wonder waarom nie meer individue by ons voëlklub aansluit nie.



Foto deur Ambelene

Ons vergader elke tweede maand, op die tweede Saterdag van die betrokke maand, by die Raasblaarsaal. Die byeenkomste is baie informeel. Groepsaktiwiteite geskied gewoonlik per voet of vrywilligers stel hul voertuie beskikbaar vanwaar elke groep poog om soveel moontlik voëlspesies in 'n gegewe tyd waar te neem.



Foto deur Lesley

It is important to know that everybody who wants to learn about birds, is welcome to join our meetings - you don't have to be an experienced and knowledgeable birder. After each birding session, a bird count is done whereafter everybody joins for a "bring and braai".

Our next meeting is planned for 12 February 2022 at 06:00. Please join for an early cup of coffee before we depart for our morning of birding. Don't forget your sun screen, hat, binoculars and camera. Moenie jou piekniekmandjie vergeet nie!

Belangstellendes wat as lede by ons klub wil aansluit, is baie welkom. Ledegeld beloop R100 per gesin per jaar. Covid-19 het ons erg in die wiele gery in 2021. Ek kan nie wag om ou bekendes weer te sien en nuwe vriende op 12 Februarie 2022 te ontmoet nie. Ek hoop jy sal ook daar wees.





Kranspoort Geveerde Vriende-kalenders vir 2022 met pragfoto's van Kranspoort voëlspesies is steeds by my te koop teen R50,00 – 083 236 5547 of Gemsbkostraat 357.

Geveerde Vriende groete!
Elsie Cross







# In die Natuur: Voëls in Kranspoort

Saamgestel deur Wanda Underhay



## Die roepstem van Afrika – Die Visarend

*Een van die mooiste roofvoëls onder die son... só is die visarend al genoem, die valkagtige visvreter van ons eie wêrelddeel. Maar dis daardie wilde, sinistere kreet wat hom eintlik beroemd gemaak het, en die benaming "die roepstem van Afrika" besorg het...*

DAARDIE wilde kreet moet ’n mens oral herken... kou, kou, koukoukou... die roep van die visarend, met sy kop ver teruggetrek oor sy skouers. Selfs terwyl hy vlieg, neem hierdie roofvoël só ’n houding aan terwyl hy skreeu.

Die visarend *(Haliaëtus vocifer)* woon langs mere, riviere en damme regoor Suid Afrika. Hy word ook dikwels langs die oop kus aangetref waar hy besig is om te jag, veral by beskutte riviermondings en lagunes.

Anders as die meeste ander arende wat hul prooi soek terwyl hulle deur die lug sweef, betrag die visarend dikwels visse wat vlak by die wateroppervlak swem vanuit ’n verhewe sitplek, soos ’n boomtak.

Sodra hy ’n moontlike happie raaksien, vlieg hy vinnig ondertoe, gryp sy slagoffer met sy kragtige kloue uit die water uit en keer terug na sy sitplek. As die vis swaar is, kan die arend laag vlieg en dit op die oppervlak saamsleep voordat hy opstyg en weer sy sit kry.

’n Mens sien dit selde, maar af en toe jag die visarend ook terwyl hy sweef. Dan draal hy oor mere en damme en skiet ondertoe wanneer hy ’n prooidier gewaar. Hoewel hy meestal visse vreet, sal hy ook rotte, jong krokodille en waterskilpaaie, ander voëls en hul eiers verorber.

Hy het ook die onhebbelikheid om die prooi van ander visvretende voëls te steel. Visarende sak op visvangers, reiers, bleshoenders en selfs ander visarende toe en, wanneer hulle hul prooi in die proses laat val, gryp hulle dit en vlieg daarmee weg.

Daar is stellig baie mense wat die visarend sy "luilekker" lewe sal beny. ’n Volgroeide voël het net sowat 1,3 kg vis nodig om aan die gang te bly—en dié kan hy dikwels met ’n enkele vangs kry. Hy jag gewoonlik slegs ’n kwartier per dag.

Hy bly ’n bietjie besig deur ander voëls van hul prooi te beroof—maar die res van die tyd sit hy eenvoudig op ’n tak of iewers in die son...

**Het jy geweet?**

- Die visarend is familie van die witkoparend ("bald eagle")—die nasionale voël van die Verenigde State van Amerika. Baie mense reken hy is Afrika se mooiste voël.
- Visarende gebruik dieselfde neste oor en oor en met die gedurige byvoegings, word die neste naderhand taamlik diep en groot. Twee of drie eiers word gewoonlik per keer gelê. Die oudste kuikens maak soms die jongstes dood, maar af en toe sal twee van hulle darem bly lewe.


SKULL
The skull is lightweight, with reduced jaws, large eye sockets (A) and no teeth, for better flight efficiency.
A
JUVENILE
Lacking full adult plumage, the brown, immature eagle is often confused with the osprey and palm-nut vulture.
BILL
The very powerful hooked beak is rarely used for killing. Instead, it shreds and tears prey into smaller pieces.
FEET
The rough spicules on the soles of its bright yellow feet help the African fish eagle grip its slippery prey.


Nie uit wit paleise nie
wou Hy (uit soewereine Wil)
tot ons soort staat gebore word;
maar, waar die Kuise en die Arme stil
en buite die hotel se poort
verniet loseer het in die stal,
het Hy, Visarendjie van God,
in ons benoude vlees geval...
NP van Wyk Louw

# Somer is ook slange-seisoen

Saamgestel deur Luanka Fourie



Pofadder.

As gevolg van hul onbegrypende lewenswyse en gedrag en hul vermeende, maar dikwels oorskatte giftigheid, word alle slange dikwels deur talle mense gesien as gevaarlik, agressief en dodelik. Meeste slange wat in Kranspoort voorkom is egter skadeloos en vervul 'n uiters belangrike ekologiese funksie.

Lente en somer is slang-seisoen en soos dit warmer word, kom die slange uit hibernasie in die soeke na kos. Soos die temperature toeneem, word die slange ook meer aktief. Na die eerste reënval, begin die slange baie aktief word en word dus meer gesien. Lente is paringstyd vir slange. Die wyfies stel feromone vry om die mannetjies aan te trek. Alhoewel slange nie saam rondbeweeg nie, lok wyfies meer as een mannetjie gedurende die seisoen en sal jy dikwels meer as 2 slange saam sien. Meeste slange lê eiers. Die wyfie sal die eiers lê en hulle los. Die eiers word ondergrond in 'n gat, onder blare of stompe en klippe gelê. Baba slange broei uit, (of gebore) gedurende mid-somer en die jong slange sal wegbeweeg om kos te gaan soek in 'n gepaste area.

Hoe om te voorkom om gepik te word:

- Los slange alleen en behandel hulle met respek ten alle tye.
- Moet nie slange optel nie, nie eers kleintjies nie. Jong slange is net so gevaarlik soos volwasse slange.
- Moenie 'n dooie slang hanteer nie; Sommige slange maak of hul dood is en wanneer hulle skrik of bang is, slaan dan toe as die oomblik hom daartoe verleen.
- Dra stewels and dik broeke of denim broeke as jy tyd buite in die veld bestee. Jagters, stappers, voël-kykers en vissermanne moet dit oorweeg om "snake gaiters" te dra vir veiligheid van die onderbeen.
- Trap op boomstompe en klippe en nooit langs hulle nie. Slange hou daarvan om onder klippe en stompe te skuil.
- Moet nooit jou hande in gate of plekke insteek waar jy nie kan sien nie.
- Moet nooit kaalvoet of sonder 'n lig in die nag loop nie. Baie slange is aktief na sonsondergang.
- Moenie slange probeer vang of doodmaak as jy hulle raakloop nie.
- In geval van n byt, neem n foto van n veilige afstand om saam te vat hospitaal toe.

Get Closer Lowveld Venom Suppliers

Professionele slangvangers gaan 'n kurses in Kranspoort kom aanbied:

| | | |
|---|---|---|
| 1. Identifikasie van slange & noodprosedure kursus | R850 | 9H00 - 13H00 |
| 2. Slange hantering kursus (sluit Nr 1 -kursus in) | R1250 | 9H00 - 16H00 |

Datum: 29 Januarie 2022
Plek : Raasblaarsaal
Tyd: 9H00 –16H00

Indien jy belangstel om dit by te woon, kontak: Luanka Fourie 0824352631 vir bespreking.

# It's raining, it's poring...the old man is snoring...

Saamgestel deur Wanda Underhay

Dit het 27 Desember begin. Deur die nag het dit begin val, "strome van seën van bo.." soos die ou Halleluja-liedjie (met ander konotasie) klink.

Die volgende dag het grou en nat aangebreek. In hul instinktiewe wysheid het die kinders al vroeg gereed gemaak om 'n dag binneshuis deur te bring, speletjies kom te voorskyn, pannekoek word gebak en gholfers kyk verlangend deur die venster.

Buite gaan dit ook maar so: rooibokkies skuil in groepies onder bome, water drup in groot druppels van die koedoes se ore en min voëltjies sing hul oggendlied. Dit laat my wonder of hulle ook knus die tyd in hul nessies verwyl.

Vanuit my liefde vir poësie het ek dadelik gedink aan Eugene Marais se pragtig en toepaslike gedig "die dans van die reën" en ek deel dit graag weer met julle.



Agv. opdrifsels op die laagwaterbrug was die brug tydelik gesluit.



Begin van die afvloei van rivier soos gesien by laagwaterbrug



Visvang- en piekniekplek was onder water na dam opgestoot het.



Kranspoortdam loop oor.

## DANS VAN DIE REËN

Die dans van die reën.

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
Haar armbande blink en haar krale skitter; saggies roep sy. Sy vertel die winde van die dans,
En nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bluilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
Hulle dam op die bulttop,
Wyd rek hulle neusgate,
En hul sluk die wind,
En hulle buk om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
En hulle kruip nader en sing sag-gies;
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het ge-kom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
En haar koperringe blink in die weg-raak van die son,
Op haar voorkop is die vuur-pluim van die berggier;
Sy trap af van die hoogte;
Sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
Die asem van die wind raak weg,
O, die dans van ons Suster!



Laatmiddag sonspeling na die reën begin opklaar het.

# Manne besoek Schoemanskloof

saamgestel deur Willie Schoeman



Op die twaalfde dag van die mooiste, mooiste maand het 'n groep van 12 manne op 'n verkenningstog, vroegoggend vanaf Kranspoorthek vertrek.

Twee karre en Bakkies se Toyota Fortuner-motorvoertuig vertrek in 'n algemene oostelike rigting op die N4. By Milly's stilgehou vir vroegoggend koffie en koekies. Koekies, want dit was lekker koekies en daar was nie een vrou wat gesê het “ons mag nie”, omdat ons hemde oop "twer" van al die koekies nie.

Pad verder gevat oor Patattanek af Schoemanskloof in tot by Joubert en Seuns Padstal. Daar aangekom, ontvang Mariette Joubert ons en sê: “Klim manne, ons gaan dieper die plaas in na die dam toe, daar is waens!”

By die dam aangekom, was ons seker dit moes die paradys wees. Groen grasperke, damme met water en vis, bome, waens en 'n wynkelder wat Nederburg, Hempies du Toit en KWV sal laat bloos.



Mariette het ons met passie vertel van elke wa wat daar staan. Elkeen onder sy eie dakkie met sy eie verhaaltjie. En dié girl ken haar waens. Van die aste, die wiele en speke, nawe en disselbome. Waar elkeen vandaan kom tot wat hy gedoen het.

Geharde Kranspoort-kampeerders wat ons is, is daar gou uitgevis of daar nie gekamp kan word nie. Maar sê sy "slegs familie en werknemers van Joubert en Seuns maatskappy, maar kom ek gaan wys julle iets mooi".

Nog dieper die berg in, al langs die rivier op en “hier is die paradys!” 'n Waterval van 85 meter verbreek die oorverdowende stilte tot in 'n poel wat kook van forel! Bome, bosse, kranse en onthaal-areas, maar heelaas nie eens werknemers nie, nét familie word hier toegelaat. Sy het ons maar net gaan wys omdat ons sulke gawe jong manne is.

Terug by die padstal, word ons met middagete en vrugtesap van hul eie produkte, onthaal. Ons sit aan by een van die tafels wat in hul werkswinkel staan, waar die waens gerestoureer en vervaardig word.


Daarna is die res van die 30 waens en kapkarre asook dié wat nog gerestoureer moet word, vir ons gewys.

Na 'n lang dag en veilig terug in Kranspoort, is al die manne dit eens: 'n passie vir ossewaens en om die geskiedenis te bewaar, het nie 'n geslag nie. Dit *mag* maar 'n vrou soos Mariette Joubert wees.

Baie dankie Mariette en almal wat saamgegaan het.








# Oggendmark word 'n spoggerige affêre






**VERNUWING EN HERLEWING**

Kranspoort Mark was eens die gesel-ligste bymekaarkom-geleentheid van ons unieke gemeenskap en dorp.
Soos so baie ander dinge het dit ook noodgedwonge gereduseer en het die gesellige kuiergeleentheid sy fleur van weleer verloor!
Daarom was dit 'n welkome gesig om te sien dat die afgelope Mark van 30 Oktober 2021 asook 8 Desember, weer iets van ouds herleef het. 'n Groot verskeidenheid van stalletjies, heerlike eetgoed, vrolike tafels waar almal kon sit en kuier en hul kos geniet. Onder die bome, in ons prag-tige natuur met vrolike voëlgesang in ons ore!
Die hoogtepunt was verseker al die pienk sappies wat oral gesien was!
Dit was lekker om te sien dat Krans-poorters en ook baie ander gaste van Middelburg, Witbank en Groblersdal, asook so ver as Pretoria en Namibië, saam kuier en heerlike samesyn ge-niet.
Mag ons volgende mark ook so wees!!
Hester Marx








# "Hoor die blye engellied.." Kerssangdiens







# Kleuters val die dorp binne

Saamgestel deur Johan Botha



Op 'n rustige Vrydagoggend, einde November, word ons dorp weer binnegeval. Vyftien voertuie in konvooi, ses-en-twintig ouers en vier-en-twintig senior kleuters van Gansiekeur-kleuterskool kom hou hul jaarlikse uitstappie.

Juf. Melda Joubert is die troepleier en 'n ware samajoor. Sy bulder net een keer en die ouers tree aan. Met die jongspan neem dit heelwat langer. Agtuur word daar laer getrek by die piekniekterrein en die mars neem bult-op in aanvang op die Vlakvarkroete oorkant die pad.

Die kleintjies kwetter en joel en almal wil saam voor stap by oom Johan Botha en juffrou Melda. Die tou rek langer uit en verder agter blaas die ouers. Alwyn Kruger en Elize Koen vee agterlangs en moedig aan. Gert Underhay en Adriaan Meintjies hou die middelorde. Halfpad teen die bult uit:



"Juffrou ons wil piepie."

"Seuns links en meisies regs van die paadjie. Niemand kyk om nie, ons is al groot!" Juffrou het gepraat en die prosessie halt. Pa's en ma's is tog te bly om asem te kan skep.

By die kettingleer word die groep geherorganiseer. Pa's vorm 'n menseketting teen die hangaf en ma's begelei klein groepies om samedromming te voorkom. Dis tydsaam, maar uiteindelik is almal veilig onder. Nou is dit deur die pragtige bos kloof-op tot by Loskoppie waar verversings geniet word.

Van die ouers val uit en Piet Kritzinger en Dries Dreyer laai op.

Dan weer voorwaarts mars, oor die plato en af in Ystervarkkloof. By die groot wildevyboom word weer haltgeroep vir foto's. Chaos breek uit toe bye op een van die gesinne toesak en almal in rigtings begin hardloop. Inligting is vooraf aan die besoekers uitgestuur. "Geen vrugtegeur sjampoo's, geen roosgeur parfuum, geen energade drankies en geen sonroom met 'n klapperolie basis nie."



Pa, ma en boetie van dieselfde gesin loop deur.

Mamma erken, sy het daarvan vergeet.

Oom Johan skraap angels uit, tannie Elize en oom Alwyn gee anti-pille en smeer salf, oom Gert en oom Adriaan kalmeer en maak bymekaar. Juffrou Melda vee skriktrane af.

Voorwaarts!

Die paadjie eindig by Aalwynsingel waar Willie Schoeman, Pieter Knoetse en Bakkies Lourens met hul voertuie by die ander aansluit om die troepe op te laai.

Terug by die piekniekterrein wag die dag se hoogtepunt. Die immer gewilde vlakvarkmodderbad! Juf Melda vat voor, volgens ooreenkoms, en skielik is al die kleintjies se verlore energie weer terug. Van die mamma's se oë rek groot.

Intussen braai die pappa's en spog met hul bakkies. Dit vat lank om almal later weer min-of-meer skoon en reisvaardig te kry.
Seg die enetjie so terloops, "dis die awesome'ste dag in my hele lewe."
Tot volgende jaar, mooi loop.

# Kinderhuis word bederf






Vier jaar gelede het ‘n baie spesiale projek ‘n aanvang geneem. Dit het ontstaan as ‘n inisiatief deur Dawid van der Walt, wat ook die beskermheer van die projek is. Die projek staan bekend as die “Wondershoek-kinderhuis uitreiking.”

Wondershoek-kinderhuis is buite Middelburg geleë, waar pleegouers na die kinders se behoeftes omsien. Die doel is om die kinders in ‘n normale huis-opset te plaas, waar hul so na moontlik aan ‘n normale familiegroep grootgemaak word.

Jaarliks span die Kranspoorters saam om aan hierdie kinders ‘n wonderlike Kersfees-ervaring te gee, asook die gasvryheid en mildelike liefde soos net Kranspoorters kan bied.

Om tienuur het die groep kinders gearriveer en is onmiddelik bederf met maalvleisvetkoek en koeldrank. Met vol magies is hulle getrakteer met ‘n tipiese Kranspoort- 4x4 rit. In groot opgewondenheid het die kinders (sommige vir die eerste keer) kameelperde, rooiboklammers, koedoes, blouwildebeeste en vele meer, sommer hier naby hulle gesien.

Terug by die piekniekterrein het hulle waatlemoen geëet en heerlik in die speelarea gespeel tot Kersvader opgedaag het. Wat ‘n belewenis! Kersvader het in sy wysheid aan elke kind ‘n geskenk gegee, met iets spesiaal vir elke kind. (Baie dankie aan al die Kranspoorters wat hierdie geskenke- en finansiële bydraes gelewer het.)

Die dag is afgesluit met  braaivleis in die piekniekterrein. Die kinders het die dag geniet en hulle dank en waardering heelhartig uitgespreek. Met vol magies en moeg gespeel het hulle teen vieruur vertrek. Weereens was dit ‘n dag wat ons almal geraak het en wil ons graag almal wat betrokke was, opreg bedank.

# Kom wind, kom reën…maar kamp sal ons kamp. (Almega-Dinokeng)



As dit reën, is dit tyd vir pannekoek. Fonnie gooi daai pannekoek soos 'n meesterbakker en Rentia strooi die





Vroegaand kom elkeen met sy stoel, drinkdingetjie en vleisie en dan word daar op groot skaal gekuier en stories vertel.




'n Besoek aan "monkey zoo" was 'n belewenis.



Die brawes pak 'n toer van die wildplaas aan op "breëband scooters".

**Kranspoort**

WEGBREKERS KAMPGROEP.

OM AAN TE SLUIT, KONTAK PIETA VAN VUUREN BY: 082 410 6331

# Vrouepret op Go2 se strand

Saamgestel deur Elsabé Strydom



Na n moeilike jaar met Covid-19, waar daar maar enkele byeenkomste gehou kon word, het die tyd aangebreek om die jaar te groet. Vroue, opgetof vir die strand, het by Go2 opgedaag. Kaalvoet in die sand, Hawaii-blomme om die nek en helderkleurig uitgerus, was almal opgewonde om te kuier en sommer ook hulle geheime vriendinne te ontmoet.



Elsabé Strydom en Magda van der Linde het die leisels oorhandig aan die nuutverkose bestuur, Alida Knoetse en Luanka Fourie.

Alida is maar sewe maande hier in Kranspoort. Sy is die ma van vier getroude kinders en het ses kleinkinders. Sy hou van bak en onthaal asook naaldwerk en die buitelewe. Sy hou van interaksie met mense en haar visie is om nuwe intrekkers welkom te heet. Sy nooi die dames uit om haar te kontak om deel te word van hierdie gesellige groep. Kontak haar gerus by 082 299 1218.

Luanka is ook n relatiewe nuwe intrekker, getroud en geseën met twee dogters en n seun. Die talentvolle vrou geniet lees en hou daarvan om kreatief te wees soos om met hekelwerk, verf en "scrapbooking" te skep. Sy is ook lief vir onthaal en verleen graag hulp aan die wat dit nodig het. Haar visie is om voort te bou op die bestaande strukture en om die Vonkelvroue met integriteit te lei.





# Bulletin-redaksie vier 'n suksesvolle jaar.





By wyse van hierdie nota wil ons aan Kranspoort ons dank en waardering uitspreek. Gedurende die jaar het ons vier suksesvolle uitgawes die lig laat sien. Sonder die bydraes van lesers kan die koerantjie egter nie bestaan nie. Dankie vir al die geskrewe items, instuur van foto's en uitnodiging na geleenthede. Ons wens aan Kranspoort, is om ook in 2022 'n wonderlike gemeenskaplike kultuur te skep en te handhaaf waar elke inwoner ingelig, gelukkig en veilig kan woon.

Kranspoort Bulletin Redaksie

# Kersfees op Kranspoort

Saamgestel deur Trisha Louwrens



Brrrrm! Beep Beep! Gee pad hier kom Oupa Elf.



Kyk al die kinders!



Hoe lyk dit meneer Elf, kan jou takbok vlieg?



Arriveer by die Raasblaar. Nou gaan die pret begin!



"Kyk Mamma! Kersvader het my persentjie gegee!"



"Ek wil by Kersvader wees"…"nee, ek wil"…."ek ook!" .."OK, OK ! Kom julle almal dan maar! "

# Kranspoorter's profiel: Johan en Elsie Cross



Saamgestel deur Elsabé Strydom

Johan en Elsie het duidelik geen bekendstelling nodig nie. As nuwe KEK-Voorsitter, het Johan reeds sy merk gemaak. Elsie is bekend vir haar prominente rol in die Geveerde Vriende-groep.

'n Huwelik van 36 jaar, het 3 pragtige dogters opgelewer. Almal is reeds getroud. Drie kleinkinders is Oupa en Ouma se trots. Hulle het twee kleinseuns – Joshua en Esra en een kleindogter – Hannah.

"Ons woon die afgelope sewe jaar in Kranspoort. Ons is albei lief vir die natuur en ons kan ons ten volle uitleef in elke geleentheid wat Kranspoort bied. Ons stap graag, gewapen met ons kamera's en voëlboeke en kan terselfdertyd ons liefde vir ons Geveerde Vriende daar uitleef." vertel Johan.

Johan en Elsie is besonder lief vir kamp met hulle boswa en probeer so gereeld moontlik 'n wegbreekgeleentheid skep. Hulle geniet dit om "nuwe" dorpe en die omliggende omgewing te verken. "Ons is telkens verras en stomgeslaan oor hoe pragtig ons eie land is." Reis is beslis hoog op hulle belangstellingslysie.

Tussen die daaglikse roetine en werksaamhede as Voorsitter, asook Elsie se beroep as Finansiële Adviseur by Sanlam in Middelburg, geniet Johan dit om in die tuin rond te krap. Elsie se gunsteling tydverdryf is lees en om elke nou en dan 'n nuwe storieboek aan te durf. Johan ry meestal met sy gholfstokke in die kar rond en is altyd reg vir sy heel gunsteling tydverdryf. 'n Mens hoef nooit te wonder waar om hom op 'n Woensdagoggend te vind nie…

"Natuurlik hou ons ook daarvan om net niks te doen nie. Gedurende hierdie ledige uurtjies, kyk ons graag sport op TV – enige sport. Ons is regte, egte Suid-Afrikaners. Braaivleis is altyd 'n gewilde dis op die spyskaart, om van koffie en beskuit nie eers te praat nie," vertel Johan met 'n skaam glimlag.

"Hierdie is 'n opsomming van die Crosse in 'n neutedop. Om ons beter te leer ken, sal jy maar 'n bietjie by ons aan huis moet kom kuier!!!" kry Johan gou 'n laaste woord in.

# Sport

## Kranspoort Gholf Klub

Interesting statistics of the golf course.

- During 2021, 5831 golfers played at Kranspoort.
- The Golf carts did 2406 rounds. (Eighteen carts)
- The Golf Club has 126 members.
- December was a good month in terms of rainfall, 230,5mm were measured at the Golf Course.
- The annual average of 658mm were measured at the Golf course. This was the third highest rainfall since 2009.

The effect of the good rainfall was a lovely green course. Good reason to be thankful and feel blessed.

<u>Achievements</u>

- Purchased a new tractor at the beginning of the year with capital gained from the "Bell golf day" added

to our savings and enabled us to purchase the equipment in cash.

- New tee box on number one hole sponsored by Precision Engineering
- The new kitchen was built, outsourced and put into operation. Thanks to all the sponsors involved to achieve our goal.
- The owner is Adri Snyders. We welcome all Kranspoort residents to test of our facilities for a tasty breakfast or lunch.
- The rocky hill on the eastern side of hole number three fairway was removed and the rehabilitation process is progressing well.
- A new trailer was fabricated and donated by one of our members (Nico Retief)

The Club congratulates all members that won competitions throughout the year.
The Golf club Management team wishes all Kranspoort residents, members, friends and visitors a happy new year.

Phil Hibbert

# Jukskei

saamgestel deur Johan Botha




Die afgelope kwartaal het die jukskeiklub weer gekook, gebak en gebou. Ongelukkig moes die gala-afsluitingsfunksie vroeg Desember, weens Covid-19 maatreëls, uitgestel word.

Op die Mpumalanga-ligavlak loop Kranspoortklub nog voor op die punteleer met 3 van ons spanne wat losvoor is in hul afdelings. In die A & B afdelings lê ons slegs met 'n kortkop tweede agter 'n veel sterker Witbankklub.



Op sosiale vlak het ons klub deelgeneem aan die jaarlikse De Klerkdag-gesins- en pretdag wat 'n hoogtepunt op die sosiale kalender is. Die lawwe dag met snaakse kostuums en krete se oogmerk is om fondse in te samel vir verdienstelike welsynsprojekte. Vanjaar was weer 'n reuse sukses met spelers wat van heinde-en-verre gereis het. Al vier die spanne het, soos in die verlede, die pryse gewen vir die beste kostuums vir die dag.

Die twee nuwe bane in aanbou, is intussen voltooi en word eersdaags tydens provinsiale uitspeelproewe geopen.



Tydens die afgelope markdae en tydens Steve Hofmeyer se optrede, is op groot maat weer gebak en gekook en daar is goeie fondse vir die klub ingesamel. Inwoners wat belangstel om aan te sluit of betrokke te raak kan gerus in Januarie van hulle laat hoor. Oefentye is Dinsdag- en Donderdagmiddae om 17:00.







# Sweet, decadent, indulgent, pure pleasure: The story of chocolate.

by Wanda Underhay



Chocolates are love! Be it in your happy times or when you are feeling blue, the excellent mix of milk, sugar and cocoa is good enough to soothe you in every mood.  It is decadent, smooth, sweet and delicious.

## The story of chocolate

The story of chocolate starts with ‘n snapshot in history, starting about 4 000 years ago. Back in the time when Mexico was still known as Mesoamerica and the Olmec, one of the earliest civilizations inhabited Latin America. It is not known when the cocao tree was discovered, but these people were the first to turn the cacao plant into chocolate. They drank their chocolate during rituals and used it as medicine.

Centuries later, the Mayans praised chocolate as the drink of the gods. Mayan chocolate was a revered brew made of roasted and ground cacao seeds mixed with chillies, water and cornmeal. Mayans poured this mixture from one pot to another, creating a thick foamy beverage called “xocolatl”, meaning “bitter water.”

By the 15th century, the Aztecs used cocoa beans as currency. They believed that chocolate was a gift from the god Quetzalcoatl, and drank it as a refreshing beverage, an aphrodisiac, and even to prepare for war.
It was only in the 1900 with the establishment of Cadbury and Nestle factories in the Eastern Cape, that chocolate were formally introduced in South Africa.

## Van boontjie tot soete verleiding

Sjokolade is die produk van ' n lang, ingewikkelde verfyningsproses wat begin met die boontjiepitte van die Theobroma-kakao- boom.



Sjokolade begin met die oes van die kakaopeule. Twee belangrike stappe moet gebeur voordat die kakao verpak kan word en na die vervaardiger verskeep word. Eerstens word die peule oopgesplits om die kakaobone bloot te stel, omring deur die vrugtige pulp van die peul.
Die bone en pulp word van die peule af geskraap en vir twee tot agt dae in mandjies gelos. Hierdie stap is van kardinale belang, aangesien die fermentasieproses die geur van die boontjies bemoedig en die vrugtige ondertone van die pulp verleen. Na die gisting, word die boontjies in 'n enkele laag versprei om heeltemal te droog, gewoonlik in direkte sonlig. Dit is eers nadat die boontjies ten volle gefermenteer en gedroog is, dat hulle verpak en verskeep word aan sjokoladevervaardigers regoor die wêreld.

Nadat die boontjies by die fabriek aangekom het, word hulle gerooster om die mees intense sjokolade geure en kleure uit te bring. Daarna word die skulpe van die bone verwyder en die "nibs" verlaat. Die “nibs” bevat die essensie van die kakaoboon wat vol kakaobestanddele en kakaobotter is. Die “nibs” is gegrond op 'n dik, ryk pasta genaamd sjokoladedrank. Dit is 'n misleidende term, aangesien die produk geen alkohol bevat nie. Hierdie drank is die basis vir alle sjokoladeprodukte.



Die drank word gedruk om die kakaobotter te verwyder wat 'n poeieragtige skyf, wat bekend staan as "kakao-perskoek", te verwyder. Perskoek, wanneer gepoeier word, word gewone kakaopoeier.

Op hierdie stadium verskil die sjokoladeproses, afhangende van die resep en formulering van die vervaardiger. As die sjokolade van lae gehalte is, sal die gepoeierde perskoek gemeng word met groente vette, suiker en geure om substandaard sjokolade te word. As die sjokolade hoër gehalte sal word, sal kakaobotter weer by die sjokolade-drank gevoeg word, saam met ander bestanddele soos suiker, vanielje en melk.

## Luscious, wonderful, flavourful and dark.

Dark chocolates are made from the seeds of cocoa tree which is one of the best sources of antioxidants in the world.



For any person on a weight loss or fitness spree, milk chocolates are sinfully delicious. When we say sinfully delicious, we refer to its creamy and oh-so-soothing flavor which is satisfying for the taste buds but not that healthy. But here we shall introduce you to the healthier cousin of milk chocolates; the dark chocolates. This variety of chocolate comes under the superfoods category. This is because of its high antioxidant content and the fact that it is extremely low in terms of sugar. Remember; darker the chocolate; the less sugar it will contain.

Dark chocolates are made from the seeds of cocoa tree which is one of the best sources of antioxidants in the world. As per studies, dark chocolates are beneficial for your heart and overall health.
So now that you know all about these chocolates, take a look at the many health benefits it has to offer.

## Wat van daardie gladde, romerige witsjokolade?

Hoewel witsjokolade as ‘n soort sjokolade geklassifiseer word, bevat dit geen kakao nie So baie mense argumenteer dat witsjokolade nie regtig sjokolade is nie.
Witsjokolade word slegs van die kakaobotter gemaak. Benewens die kakaobotter, bevat dit ook suiker, poeiermelk, geursel en ander vette.

## A chocolatier’s way

After looking, smelling, and snapping, place the chocolate in your mouth. But, resist the urge to chew and eat. Instead, hold the chocolate against the roof of your mouth and pass your tongue over the bottom of it, noticing first how it melts and then how it feels.

## Which chocolate bar has most sugar?

Nestlé's Bar-One has the most sugar packed into one 55g serving, making up 64% of the total weight. The Bar-One has 35.2 grams of sugar, equal to just over 7 teaspoons. However, as a portion size, Cadbury's 5 Star and Crunchie are close followers.

## Daily dose

If you eat chocolate every day, you could be ingesting heart-healthy antioxidants. ... Yes, this sweet treat contains antioxidants that may increase your heart health, but chocolate still "tends to be high in calories, saturated fat, and sugar,". But still, one small square can't hurt.

| Chocolate | Brand | Grams | Sugar per bar | per 100g | Energy (kJ) | per 100g |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bar-One | Nestle | 55,0 | 35,2 | 64,0 | 1069 | 1943 |
| PS Caramilk | Cadbury | 48,0 | 27,1 | 56,5 | 1054 | 2196 |
| 5Star | Cadbury | 40,0 | 26,0 | 65,0 | 1070 | 2675 |
| Crunchie | Cadbury | 40,0 | 26,0 | 65,0 | 783 | 1958 |
| Snickers | Mars | 50,0 | 25,9 | 51,8 | 1009 | 2018 |
| PS Chocolate | Cadbury | 48,0 | 24,9 | 51,9 | 1040 | 2167 |
| Milky Bar Original | Nestle | 40,0 | 23,6 | 58,8 | 914 | 2286 |
| Aero | Nestle | 40,0 | 22,4 | 55,8 | 890 | 2226 |
| Lunch Bar Dream | Cadbury | 48,0 | 22,1 | 46,0 | 1015 | 2115 |
| Kit-Kat 4-fingers | Nestle | 41,5 | 20,5 | 49,4 | 875 | 2103 |
| All In One | Beacon | 62,0 | 20,5 | 33,1 | 1326 | 2139 |
| Black Cat | Beacon | 56,0 | 20,0 | 35,7 | 1025 | 1830 |
| TV Bar Dark | Beacon | 47,0 | 19,0 | 40,4 | 1030 | 2191 |
| Snacker Original | Cadbury | 45,0 | 18,9 | 42,0 | 826 | 1836 |
| mmmMallows | Beacon | 41,0 | 18,8 | 45,9 | 760 | 1854 |
| Kit-Kat Chunky | Nestle | 40,0 | 18,6 | 46,5 | 867 | 2168 |
| Nosh | Beacon | 56,0 | 18,5 | 33,0 | 1057 | 1888 |
| Tex | Nestle | 40,0 | 18,2 | 45,5 | 837 | 2093 |
| Flake | Cadbury | 32,0 | 18,0 | 56,3 | 692 | 2163 |
| TV Bar White | Beacon | 47,0 | 18,0 | 38,3 | 1077 | 2291 |
| Dipped Flake | Cadbury | 32,0 | 17,6 | 55,0 | 700 | 2188 |
| TV Bar Milk | Beacon | 47,0 | 17,5 | 37,2 | 1074 | 2285 |
| Niki | Beacon | 46,0 | 17,3 | 37,6 | 889 | 1933 |
| TV Bar Clusta | Beacon | 47,0 | 16,6 | 35,3 | 1055 | 2245 |
| Snacker Fruit | Cadbury | 45,0 | 16,4 | 36,4 | 826 | 1836 |
| Damascus | Beacon | 40,0 | 14,6 | 36,6 | 698 | 1745 |
| Lunch Bar | Cadbury | 31,0 | 14,4 | 46,5 | 651 | 2100 |
| Wonder Bar | Beacon | 23,0 | 9,8 | 42,8 | 496 | 2155 |
| Chomp | Cadbury | 22,7 | 6,2 | 27,3 | 214 | 943 |

## Does chocolate make you happy?

Chocolate does contain a number of compounds associated with mood-lifting chemicals in the brain. ... Tryptophan, an amino acid present in small quantities in chocolate, is linked to the production of serotonin, a neurotransmitter that produces feelings of happiness.



# Kampvuurstories

## Koue asem koors.

John H. Pretorius

“Ek sal moet spore maak!” Anton staan op, trek sy leerbaadjie se ritssluiter tot bo, prop die selfoon in sy sak.
“Is jy seker jy is oukei?”
”Die oggendblad sal môre op straat verskyn, moenie stres nie.” Fourché glimlag en beduie spottend waar die deur is. “Maak dat jy wegkom, man!”
“Dis so drie ure se ry. Ons wil graag voor donker die jaghuis haal,” verduidelik Anton ongevraagd.
“Wat is die plek se naam nou weer?” vra Fourché.
“Jagterskrans... dis in die Aberdeen-omgewing.”
“Jagterskrans... Jagterskrans,” Fourché se wenkbrou krul opwaarts soos ’n ware nuushond in aksie. “Was die plek nie al êrens in die nuus nie?”
“Nie sover ek weet nie.” Anton skud sy kop. “Drama of tragedie...verbeel my seker,” lag Fourché. “Die bleddie ‘onthou-pilletjies’ werk alweer nie. Toe, kry jou ry en verras my met ’n stuk biltong.”

By die Jagterskrans-indraaipad tem die kragtige 4X4 die ruwe tweespoor plaaspad en stuur sonder moeite in die rigting van die opstal. In sy spore bokspring en rammel die groot dubbelwiel-sleepwa, gelaai met vrieskaste. By die plaashuis bestorm ’n trop honde die voertuig, meld al blaffende die indringer aan.

“Hier klim ek nie uit nie.” Zak loer groot-oog na die yslike slagtande van die naaste hond. “Ek stem.” Karel maak seker sy deur is op knip. “Klim op die toeter, pappie.”
“Dit sal nie nodig wees nie”, keer Anton, “Daar kom die boer aan”.

’n Skerp fluitgeluid weerklink. Die honde retireer onwillig, die intimidasie-seremonie is afgehandel. Die groot bruin boerboel merk egter eers die linker voorwiel, skrop dat die stof waai, voordat hy swaaistert by sy baas aansluit.
“Julle kan maar uitklim,” nooi die plaasboer vriendelik. Die drie manne klim versigtig uit, paraat vir enige veglustigheid. “Dis nie maklik om ’n held te wees nie,” mompel Zak as hy heel laaste die veiligheid van die voertuig prysgee.

Met die bekendstelling afgehandel, verskuif die aandag na jagreëlings.
“Haak die sleepwa af,” stel Renier Luiters, eienaarboer voor, “Die bergpaadjie na julle blyplek is... uhm... uitdagend en die sleepwa sal julle net ophou.”
“Goed, maar wat van die vleis en yskaste?” wil Zak weet.
“Geen probleem,” Renier verduidelik dat hy werkers reël wat help met die vervoer, slag en verkoeling van vleis.
“Bakgat,” Zak knik tevrede. “Waar slaap ons?”
“Soos destyds bevestig was net Jagterskrans 5 beskikbaar.”
“O, waar is dit en wat moet ons weet?” Karel kyk rond vir ’n aanduiding.

“Jagterskrans is ons oudste, mees afgeleë eenheid. Dit staan meestal ... eh leeg. Dit is die enigste beskikbare akkommodasie waar ek julle nog kon inpas.” Luiters praat vinnig en voeg half verskonend by. “Daar is darem elektrisiteit en sonpanele vir warm water.”

“Klink oukei.  Verduidelik hoe ons daar kom.”  Anton raak haastig, die son mik al na die horison om die dag af te sluit.

Renier se padaanwysing is in die kol.  Na ’n halfuur se geskud en vasskop op die kronkelende paadjie word die gewels van Jagterskrans 5 sigbaar op die gelykte tussen reuse rotsformasies.  Afgesien van ’n paar vaalrooi aalwyne,  ’n groen watertenk, oorblyfsels van ’n rotstuin en  kolle droë wintergras, vertoon die opstal verlate en kwesbaar midde die oormag van klip en krans.

“Hierdie is verlatenheid in oortreffende trap,”  merk Zak op met die  stilhouslag.
“Net die plek om Dracula-flieks te maak,”  is Anton se opsomming.
“Komaan, laat ons aflaai.”  Karel gryp ’n paar items en begin aanstryk deur toe.

In teenstelling met die growwe uiterlike is die verblyfplek verbasend netjies.  Groot kombuis, spens, gasstoof en yskas, selfs ’n klein mikrogolf, yslike stort en drie ruim slaapvertrekke.  Buite, uitgebeitel in die rots, ’n braaiplek en klipbankies afgerond met ’n vrag brandhout wat die belofte van vuur en betowerende vlamme inhou vir later.  Anton laai die laaste goed af.  Zak en Karel beweeg na die braaiplek, elk met ‘n geweer in die hand.

“Anton, bring vir ons bier.  ’n Man kan nie so droog en alleen jou wapen nagaan nie,”  roep Zak.

Anton stoot die swaar voordeur oop.  Weereens voel hy dit.  Dis soos ’n koue luggie wat aan jou wil vasklou.  Sy nekhare rys, hoendervel rillings jaag deur sy lyf.  Seker ’n trek êrens, probeer hy die angs sensasie afskud.  Hy kyk rond.  Ja, die gordyne bokant die wasbak roer.

“Beter die venster toemaak voordat iemand ’n koue optel.”  mompel hy hardop en beweeg na die wasbak.
Hy trek die gordyne weg.  Onmoontlik!  Koue  fronte bewe met sy ruggraat af.
Die venster is bot toe.  Dis snaaks.  Wat het die gordyne laat beweeg?  Anton sidder onwillekeurig.

Hy’s laf, dink hy.  Sy verbeelding maak ’n *gat* van hom.  Komaan, ruk jou reg.
Hy vat ’n six pack en gryp sy geweer.  By die deur talm hy.  Duidelik hoor hy ’n vloerplank kraak.  Sy oë volg die geluid.  ’n Blikkie ingelegde sousbone begin rol van die tafel af.  Dit land met ’n knalgeluid op die vloer, voordat dit verder rol, rol totdat dit teen die yskas tot stilstand kom.

Weer daai koue luggie.   Koue rillings spoel golf op golf deur sy lyf.  Dit maak nie sin nie.  Al die ander blikkieskos staan nog netjies waar hy dit netnou uitgepak het. Of het hy per ongeluk die blikkie met die geweer of  pak bier omgestamp?  Benoudheid dreig om oor te gaan in paniek.  Wat is dit? Hy sidder. Yskoue rillings dans langs sy ruggraat af.

Bog man, hy is simpel, dink hy.  Nogmaals bekyk hy die vertrek aandagtig. Die deur word oorhaastig toegestamp voordat hy by sy jagtersmaats aansluit.

“Ou Renier tel ons net na 6 môre-oggend op.  Elkeen word dan afgelaai by ’n jag-punt,”  sê  Zak, terwyl hy aandagtig deur sy teleskoop loer en tevrede knik. “So ’n klomp jagters verg goeie beheer,”  meen Anton “anders kan dit gevaarlik raak!”
“Soos gewoonlik manne.  Net ’n kort kuier vanaand.  Môre-aand kan ons feesvier en uithang.  Anton, kan jy vir ons die vleis gaan haal?”  Zak gooi nog hout op die vuur en trek die rooster nader.

Anton stap terug huis toe.  Wat!  Die deur staan wawyd oop.  Maar het hy dit nie hard toegeslaan nie?  Ja, hy is oortuig daarvan.  Dit het seker weer oopgespring.  Die slot is seker geslyt en werk nie meer so lekker nie.

Wel, die deur kan dan net sowel oopbly dink hy terwyl hy die tjops en wors vinnig uitpak.  Hy voel die koue teen sy nek opkruip.  Verward draai hy om.  Daar’s niks.   Net die spens waar leë wit rakke onbenut en roerloos sy soekende oë uittart.  ’n Pakkie vuurhoutjies en kerse staan half verskuil op die boonste rak.  Die flou, geel gloeilamp swaai heen en weer ... flikker...flikker.

Skielik is die spens donker!

“Wat de hel!” Anton byt op sy lip – iets wat hy net doen as onsekerheid dreig om die oorhand te kry. Is dit toeval of is iets nie pluis nie. Dit kan nie wees nie. Die ou’s by die vuur lag hulle disnis as hulle sy gedagtes kon lees. Hy gooi alles in ’n koelsak en snel na die warmte en kameraadskap by die braaivuur.

Gemoedelikheid en afwagting groei in die vlammegloed. Tipes gewere, ammunisie, patroonpunte, raakskote, prettige insidente oorheers die gesprek. Lagbuie dreun soms vas teen die kranse en die weerklank rol af in die donker vallei. ’n Uil se geroep dwing ’n oomblik van stilte. Anton se hart bokspring.

“Maggies manne, dis al na agt. Dis slaaptyd,” Karel gluur kwaai na sy horlosie.
“Daai uil stem saam,” skerts Zak. “Ek sluit my geweer oornag in die kluis toe. Wie van julle wil dit ook doen?
“Ek sal,” reageer Karel.

“Anton en jy? vra Zak.
“Ag nee wat Zak, dit is so stil hier my geweer is net so veilig langs my bed.”
“Ook waar,” gee Zak toe, “dis net soos jy wil. Gee julle om as ek eerste stort?”
“Geniet jouself. Ek is net na jou, as dit oraait is met jou Anton,” reël Karel.
“G’n probleem, Karel.”
“Ek trek sommer klaar aan – môreoggend is dit net stewels aantrek en pad vat,” brei Karel uit.
“Ek dink ons almal maak maar so,” sê Anton. “Party manne slaap sommer met hul stewels aan.”
Skielik is Anton alleen in die kombuis. Weereens skaak die koue rillings hom. Die spens se lig brand. Daar is seker êrens ’n los konneksie. Die agterdeur gaan oop - klap toe.

Anton wip van die skrik. “*Bliksem,* die plek gee my die horries.” Wanhopig soek hy na ’n logiese oorsaak vir die geluid wat uit die spens opklink. Daar is niks.

“Ek is klaar!” skree Karel “die water is lekka warm!”
Anton grendel die agterdeur, maak seker die vensters is toe. By die spensdeur talm hy ’n oomblik. Die lig word aangelos. Terwyl hy in die gang afloop, agtervolg ’n koue bries hom. Aan die einde van die gang, by die stort se deur kyk hy terug. Net leë wit mure wat hom aanstaar. Dan gaan die spens se lig af.

Watse skuurgeluid was dit? Net ’n plank wat kraak? Nee! Dit was soos ’n diep, swaar sug. Anton probeer die gevoel van dreigende onheil van hom afskud.

Die ander is almal so gemaklik. Wat foeter sy gedagtes so rond? Dit moet ent kry, of is hy ’n *banggat*?

Anton voel werklik verfris en ontspanne na die stort. By die badkamerdeur talm hy, kyk rond of hy alles opgeruim het. Tevrede vat hy die deurknop. Dit wil nie draai nie. Hy trek daaraan. Dit bly beweginglоos. Daar is nie ’n sleutel in die slot nie. Wat nou? Met mening probeer hy die deurknop draai. Dit beweeg skaars. Koue gloede hardloop teen sy rugstring op en af. Natuurlik dit is Zak en Karel wat hom ’n poets probeer bak.

“Stop-it, manne,” roep hy uit. “Die slaap roep en nou-nou beskadig ons die deur.”
Geen reaksie. Net koue fronte wat hom kasty asof uit die bodem van Antartika self. Sweet brand sy oë.
Genoeg. Anton skop vas langs die deur, knel sy hande om die deurknop en beur agteruit met al sy krag. Millimeter vir millimeter trek hy die deur oop. Skielik gee dit mee. Anton steier agteruit. Daar is niemand voor die deur... Die gang is leeg. Net die spenslig flikker... flikker.

“Stort jy of sloop jy die plek,” skree Zak.
“Sorry man... net ...amper gegly,” laat Anton weet.
Terug in sy slaapkamer sit Anton sy geweer langs die bed. Die lig word afgeskakel. Vir oulaas toets hy sy flitslig, beweeg die ligkol in die kamer. Alles is reg. Nou slaap inkry.

Simpel, so op hol gejaag deur niks!

Hy spits sy ore. Niks wat kraak nie. Geen geluid. Skielik skeur die “hoe-hoe” van ’n uil die stilte. Desperaat probeer Anton die rilling onderdruk wat hoendervleis golwe deur sy liggaam stuur. Môre begin die jag na biltongrykdom.

Die veld is maar bleek. Die lug helderblou. Anton sukkel oor die ruwe ongelyke terrein. Versigtig trap. Dis naby die uitkykpunt. Wees gereed. Onverwags verskyn die massiewe koedoebul voor hom. Sy horings byna vier draaie. 'n Rilling skiet deur hom. Nog nooit so 'n trofeebul gesien nie. Het die bok hom gesien? Dit lyk amper so. Tog staan dit beweginloos... so of dit hom opsom... uitdaag. Anton probeer vasskop, maar dis ongelyk.

Met moeite kry hy sy geweer nadergetrek. Hy wil dit oplig... mik. Hy kan nie. Hy staan roerloos vasgevries. Vergeefs probeer hy die geweer oplig, korrel. Dit voel of die geweer terugdeins tot teen sy bors. Dan stamp die visier teen sy mond, gly tot onder sy ken, teen sy keel. Sy geweer is besig om hom vas te druk. Die kolf kap teen sy bene. Die visier skuif oor sy bors, krap sy wang. Die loop probeer sy mond binnedring.
Moenie die sneller trek nie. Moenie... Paniek oorval hom. Dis wit en blou. Die kleure begin bollemakiesie slaan. Hyg… Hyg… Bewend. Die koedoe word swart. Nog swarter. Hy is die teiken ... sy lewe word gesoek. Anton wil skreeu, losruk. Hy kan nie. Die dier grynslag triomfantelik. Anton word vasgedruk, die visier onder sy ken. Hy begin versmoor, ruk, snak na sy asem.

Alles ontplof in verblindende lig. Hy roggel, probeer die geweerloop wegstoot van sy gesig af. Stoot. Stoot. Sy arms wil breek. Stadig verminder die wurggreep. Nog wegdruk. Dan word die geweer weggeruk... losgeruk. Daar is meer lig. Nog lig. Stemme. Iemand skree. Skreeu.

"Anton, wat de donner gaan met jou aan? Los die bleddie geweer!"
"Is jy gesuip?"
"Wassit? Wat gaan aan?" stotter Anton verward. "Wat soek julle in my kamer?"
"Wat soek ons?" vra Zak.
"Jy skop 'n helse lawaai op! Ons dog jy word vermoor," voeg Karel by.
"Vermoor?" Anton probeer fokus.
"Magtig, Anton," vervolg Zak "vir wat slaap jy met 'n gelaaide geweer in jou hande?"
"Bull man, my geweer het langs my bed gestaan."

"Ek moes soos 'n besetene stoei om dit uit jou hande te ruk – die veiligheidsklep was af. Jy kon jouself moer toe geblaas het," skreeu Karel.
"Was seker 'n nagmerrie. Jy's papnat gesweet. Gee die man 'n dop," probeer Zak sake kalmeer.
"Is jy van jou kop af. Nou-nou raak hy berserk en word iemand geskiet," keer Karel voor.
"Jammer manne, moes 'n nagmerrie gewees het. Net 'n slukkie water en ek is oukei." Anton voel verleë.
Skoorvoetend begin sy maats terug beweeg na hul kamers.
"Gee jy om as ek jou geweer in die kluis toesluit?" vra Zak.
"Jy's welkom... as julle sò veiliger sal voel."

Anton loop 'n draai in die kamer. Koue gloede spoel oor hom. Iets wou hom verwurg... intimideer ... oorweldig… vermoor. Hy skud sy kop. Sug. Haal diep asem. Hy het kom jag... hy gaan dit doen en geniet. Hy skyn weereens met die flits in die kamer rond. Daar is niks. Duisternis oorval die lig. Stilte.

Dan hoor hy dit weer.Vloerplanke kraak by die voetenent. Dit voel amper of wind van 'n onsigbare waaier oor sy voet streel, 'n koue hand sy tone raak. Anton sit orent in die bed.

Weer kraak die vloer. Wind beweeg tot by sy knie. Hoendervleis skokrillings kaap sy lyf. Koue gloed sprei oor sy nek. Anton se keel wil toetrek, hy sluk, trek sy asem diep in. Trek die kombers hoër op, stywer. Die koue wind dring deur. Anton sit orent in die bed. Hy weet wat om te doen. "Wyk Satan," fluister hy en dan fermer, "wyk Satan, ek vrees jou nie. My krag kom van 'n Hoër Mag. Skoert! Wyk!" In die donkerte vorm sy vingers 'n kruis...

Die naweek is verby. Die sleepwaentjie swoeg onder sy lading van wildsvleis. Die boer tel tevrede sy randverdienste. Gelukkige klante hou voordele in.

By die N9 draai hulle regs. Skaars teerpad gevat of Anton se selfoon kondig met 'n piepgeluid aan dat 'n sms ontvang is.
"Hel, skaars terug in die beskawing en die nuus stroom in. Weet julle koerantmanne ooit hoe om 'n selfoon af te skakel?" spot Zak.

Anton loer na die sms.  Dit is van sy kollega, Fourché, reeds twee dae gelede gestuur.
“Jagterskrans.   Eienaar se broer verloor weddenskap om  troefee koedoebul te jag.  Homself blykbaar geskiet. Vind meer uit.”
“Wat is dit?” wil Karel weet.
“Diep dinge... los maar...  jy sal my tog nie glo nie.”

# Kwêvoël (met sy tong in die kies)



Saamgestel deur die Kwêvoël

Hier is ek ook alweer....

My oupagrootjie vertel my nou die dag van een van die langnekke wat hierso in 'n groot gat met water geval het!! Hy sê dit was nou 'n erge storie. Die arme ding kon glad nie uitkom nie. Die tweebeniges het toe al die blou water laat uitloop en sulke groot gras vierkante in die gat gepak. Gelukkig kon die langnek toe darem self uitklim. Ek sien baie van die gate vol water as ek so vlieg. Dalk moet daar heinings kom om die gate...

Hehehe, die tweebeniges het mos 'n groot partytjie een dag. Ek sien hulle braai lekker vleis...en die volgende oomblik val daar sulke wit klippe uit die lug uit! Sjoe maar die klomp kan hol op hulle gryse ouderdom! Ek hoor van hulle blink vierwiele het 'n paar duike bygekry.

Anderdag ry hier mos 'n klomp met hulle huisies van blik uit by die hek. My familie daar anderkant die groot stad laat weet toe die klomp het daar by hulle aangekom. Hulle het glo so baie geraas dat die geveerde kindertjies gladnie kon slaap nie. My familie twiet dat hulle  darem so bietjie ekstra kos uit hulle gekry het.
Die een dag is 'n paar van hulle uit op sulke tweewiel goeters, ek hoor van die mense sê dis 'poegies'. Die son het hulle glo gaar verbrand. Ek hoor van hulle het maar gesukkel om regop te bly!

Onthou julle die week van storms hierso iewers in November? Hehehe, ek lag lekker in my vlerk. Een van ons ooms en een van onse tannies keer mos donkernag terug na hulle nessie. En raai wat? Die oom van eishkom het mos weer die ligte afgesit en gevolglik werk die oom en tannie se garagedeure glad nie! Sit toe maar ewe gedweë vir amper twee ure voor hulle eige deur en bekyk die weerskouspel!

Die mense-nasie tog! Altyd in kompetisie met mekaar....die een se reënmeter kry altyd baie meer as sy buurman s'n!  Nou wonder ons hoekom?

Van die gryse wyses se kleinkinders kuier mos anderdag hier. 'Hier is niks om te doen nie, dis so boring hier' (aldus die dogtertjie). Oupa sê maar die twee moet om die blok gaan stap. Nie lank nie toe kom die twee wit geskrik aangehardloop, hulle het glo amper op 'n glibberige seilende gedoente getrap! Die dogtertjie sê 'Oupa ek het so geskrik, ek het amper my hart opgegooi!'

Was hier darem 'n geraas van 'n ander wêreld nou die dag! Hier kom mos 'n klomp kindertjies en van hulle mammas en pappas na onse plaas, om te stap. Maar mensig, die klomp jongmense is onfiks! Hulle is so sit-sit die berg op. Gelukkig het die kindertjies soos vlakhase oor die klippe gespring. Ek hoor die bye het ook 'n paar van hulle bygekom en van die grootmense het blase op hulle voete gekry. Na die stappery het hulle (grootmense ingesluit) soos vlakvarkies in die modder gespeel. Ek was darem baie bly my kindertjies is nie so vuil nie.

Pasop ek hou julle dop....

# Sommer ietsie vir die pret!

Soek die verskille: Soek 10 verskille tussen die twee foto's, kan jy al 10 kry?







## Kranspoort Woordsoek

Ontsyfer die leidrade, soek en omkring die woorde in die raaiselblok.
Woorde kan horisontaal, vertikaal, van agter na voor of diagonaal wees. Alle antwoorde is verwant aan Kranspoort en meeste sal in die Bulletin gekry kan word.

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| f | e | h | r | e | s | h | a | v | g | e | j | e | d | n | d |
| d | g | r | c | e | w | v | i | o | d | w | w | g | t | a | e |
| a | a | l | w | y | n | s | i | n | g | e | l | s | s | a | h |
| j | d | t | f | k | s | l | k | k | y | g | y | e | f | l | r |
| r | e | e | t | e | h | j | r | e | s | b | r | j | n | y | u |
| e | j | d | l | r | f | g | k | l | i | r | r | e | d | r | w |
| i | m | b | a | r | k | w | e | v | o | e | l | e | y | t | d |
| r | j | f | w | i | t | b | o | r | s | k | r | s | d | r | b |
| g | r | d | r | o | o | i | b | o | k | e | r | y | d | o | y |
| k | r | d | e | g | o | e | f | u | j | r | d | y | s | o | w |
| d | r | u | d | i | r | j | a | y | e | s | x | z | a | p | h |
| r | r | t | n | e | g | e | k | e | r | s | f | e | e | s | d |
| k | s | d | a | j | y | e | s | f | k | l | y | t | b | n | l |
| r | u | f | v | j | o | i | u | h | n | a | m | d | n | a | l |
| t | d | k | e | i | t | j | f | d | f | j | s | l | f | r | s |
| i | r | o | h | e | s | r | h | g | n | i | l | i | u | k | s |

### Leidrade

- Naam van perskleurige spreeu met wit borsie.
- Vrouegroep in Kranspoort
- Direkteur: wild en omgewingsake se van
- Ondervoorsitter se voornaam
- eerste bokstraat vanaf hek
- Laaste straatnaam vanuit Kranspoortrylaan in Noordelike rigting.
- Naam van woonboort onder Toringtenk (Vodacom toring)
- Kranspoort se kampeergroep
- Kranspoort se grootste skinderbek. (skindernuus in Bulletin)
- 25 Desember
- Kranspoort se hoofpad
- Plek by Jopie-se-pos waar jy voëls kan kyk vanuit 'n geboutjie
- Kranspoort Operasionele bestuurder se van

*Oplossings op bladsy 32*

# Pitkos vir die siel (deur Trisha Louwrens)

"Kyk oom, daai dier se strepe lyk soos my bra s'n!!!" … een van die dogters wat die weeshuis se besoek aan Kranspoort meegemaak het. Sy het nog nie 'n Zebra gesien nie en haar enigste verwysing is die materiaal van haar onderklere. Op 'n ander bakkie 'n seun wat vra: "Wat is dit, ek het nog nooit so iets gesien nie!" Hulle was bederf met nege kampeelperde.

Ons inwoners het, soos elke Kersfees, arms vol gegee. Maar dit is nie die geskenke wat ewigdurend is nie, dit is 'tyd' en die natuur wat gegee was. Omgee, hartlike grootmens vriendelikheid, uit-die-maag uit lag; toegevou in 'n "onwettige" drukkie. Ons kon ook bietjie kind wees, vergeet van grootmens-verantwoordelikhede.

Wat jy saai sal jy maai, sê die Bybel. Desembermaande is wanneer ons die goeie-saadsak uithaal en met 'n diep hand en groot entoesiasme wyd saai. Mogge-troffe!!! Ons het soveel om te gee, dit maak nie saak waar (of hoe) ons gee nie, dit is vir 'n goeie doel!! Daarna mag ek weer besluit watse saad ek saai. Sommige mense verdien mos om die waarheid te hoor, al maak dit seer...

Dankie aan elke Kranspoorter wat in hierdie tyd gegee het, nie net vir die kinders nie, maar ook vir mekaar!! Mag ons die Desember-saad saai vir die res van 2022, want dit is hierdie saad wat vir jou vrugte in oorvloed sal gee. Jou meel en olie sal nie klaar raak nie en jy sal gereeld uitdeel en steeds sal dit nie klaar raak nie…

# Foto-gallery – Hiert! Daar is 'n gogga op my stoep!


Foto deur Cea


Foto deur Cea du Plooy


Foto deur Matthys


Foto deur Cea


Foto deur Sharon


Foto deur Erna

# Foto-gallery



Foto deur Hannelie



Foto deur Sharon



Foto deur Petro



Foto deur Veronica

# Foto-gallery



Foto deur Ambelene Freemantle



Foto deur  Tienie



Foto deur Hannetjie Kritzinger




Foto deur  Nico




Foto deur  Tienie




Foto deur  Brian









Kersfees – Fees van kerse. Pieter en Hannetjie Kritzinger het vir Kranspoort 'n liggiesfees in hulle voortuin aangebied.

## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon 082 941 5051

Verslaggewers:
Elsabé Strydom – 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Trisha Louwrens – 072 476 7947
Johan Botha – 076 332 2773

Proeflesers
Erna Ruthven
Johan Botha

## Advertensies

Groottes beskikbaar:

8cm x 8cm (min of meer 1/6 van A4 bladsy) – R 70.00
8cm x 13cm (min of meer ¼ van A4 bladsy) - R 100,00
16cm x 13cm (min of meer ½ van A4 bladsy)- R 200,00
Volle blad (A4) – slegs enkeles beskikbaar - R 400.00


Kontakpersone
Kranspoort interne – Wanda Underhay
Kranspoort/ Moot omgewing - Trisha Louwrens

# Sommer vir die pret – Oplossings (bladsy 19)

Kranspoort woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| f | e | h | r | e | s | h | a | v | g | e | j | e | d | n | d |
| d | g | r | c | e | w | v | i | o | d | w | w | g | t | a | e |
| a | a | l | w | y | n | s | i | n | g | e | l | s | s | a | h |
| j | d | t | f | k | s | l | k | k | y | g | y | e | f | l | r |
| r | e | e | t | e | h | j | r | e | s | b | r | j | n | y | u |
| e | j | d | l | r | f | g | k | l | i | r | r | e | d | r | w |
| i | m | b | a | r | k | w | e | v | o | e | l | e | y | t | d |
| r | j | f | w | i | t | b | o | r | s | k | r | s | d | r | b |
| g | r | d | r | o | o | i | b | o | k | e | r | y | d | o | y |
| k | r | d | e | g | o | e | f | u | j | r | d | y | s | o | w |
| d | r | u | d | i | r | j | a | y | e | s | x | z | a | p | h |
| r | r | t | n | e | g | e | k | e | r | s | f | e | e | s | d |
| k | s | d | a | j | y | e | s | f | k | l | y | t | b | n | l |
| r | u | f | v | j | o | i | u | h | n | a | m | d | n | a | l |
| t | d | k | e | i | t | j | f | d | f | j | s | l | f | r | s |
| i | r | o | h | e | s | r | h | g | n | i | l | i | u | k | s |

Soek die verskille:



# Advertensies



**Bioway**
**Multi insect**
**&**
**Dustmite killer**




---

*Kranspoorters,*

*Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:*

Dis 'n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie, gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teëlvloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyt doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agv myte. Produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê met insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358




---

Kranspoort dames!

Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg

---


Cheers
Windpomp Drankwinkel
Net oorkant die straat
Willemien Amador
084 583 9333
Besigheidsure:
Maandag tot Vrydag : 06:00 - 18:00
Saterdag : 06:00 – 17:00
Sondag : 08:00 – 13:00


FOOD IS NOT JUST EATING ENERGY. IT'S AN EXPERIENCE


082 888 5341
www.go2venues.co.za
go2 Venues
FOR EVENTFULL MEMORIES
Come and visit one of our go2 Venues along the N11 Loskop road
go2 Steakhouse
GOOD FOOD - GOOD FUN - GOOD VIBES
Familie Restaurant
KINDERS WELKOM
VEILIGE SPEELPARKIE
VRIENDELIKE STAF
KROEG
SKOON BADKAMERS
TOP GEHALTE RESTAURANT
HEERLIKE KOS
go2 Beach House
A FUN BEACH - IN YOUR REACH
Beach Parties
SPANBOU
HERDENKINGS
EN VELE MEER.
VERSKEIE FUNKSIES
JAAREIND FUNKSIES
VERJAARSDAE
go2 Chalets
GREAT STAYS • AFFORDABLE • COZY CHALETS
Luukse Chalet Akkommodasie
TENT &
KAMPEERTERREIN
WOONWA-TERREIN
BRAAIGERIEWE
Oop 6 dae per week
09H00 TOT LAAT - BIKERS WELKOM
RUSTIGE ATMOSFEER • GROOT PARKEER AREA • TUISNYWERHEID • SWEMBADDENS & SPRINGKASTELE


Bulbinella Room is die antwoord!
Gewone Bulbinella Room
BEST SELLER
GUARANTEED
Diana's
50g – R60.00
100g – R110.00
500g – R300.00
DMSO Bulbinella Room (DMSO is pynblok)
50g – R75.00
100g – R140.00
500g – R375.00
Skakel Erna (082 521 3275) vir meer inligting.
Agent vir Kranspoort, Groblersdal & Marble Hall


Nails by Né
GEL
Gel Tips R180.00
Gel Manicure R170.00
Gel Overlay R160.00
Gel Toes R130.00
Gel Pedicure R170.00
ACRYLIC
Acrylic Overlay R160.00
Acrylic Tips R180.00
OTHER
Manicure Only R90.00
Fill R90.00
Repair R20.00
Pedicure Only R90.00
Soak R40.00
CONTACT DETAILS
Liné 076 059 4067
384 Klipspringer Kranspoort
Covid Protocol Adhered


Besoek gerus die
Plaas Deli & Teetuin
ELKE WOENSDAG EN SATERDAG
Die Spyskaart verander weekliks
en word op verskeie advertensie groepe
adverteer op Dinsdae en Vrydae.
Die Deli verskaf plaaslike vervaardigde
produkte en bied ook nuwe
verskaffers ñ platform om van hulle produkte
uit te stal en te verkoop.
Die Plaas admosfeer is rustig en ontspanne.
Die Deli verskaf ook platters,
tuisgebakte brood en vars gebak
op bestelling.
Verjaarsdae partytjies en funksie kan ook op bespreking gereel word.
Tye: Woensdae 09:00 - 15:00
Saterdae 09:00 - 13:00
Ook oop op publieke vakansie dae soos
vooraf adverteer.
Waar: N11 plaas D57 Win A Way
Kontak nommer: Adri - 078 455 7973
Greetings ISLAND


RATLOU BUILDING MATERIALS SUPPLIER
We offer the following Services:
Sand
All kinds of Brick's
Mixed crush with sand
Concrete
Stones
Drinking Water
Ready made roof trusses
Erection/Installation of Roof trusses
Erection/Installation of Tile Roof
Erection/Installation of Roof Sheeting
We also provide ITC Certificates (Roof Trusses)
We provide our own transport for all material needed
We also do Civil Works
We do computer labs, Alarms System, Air conditioners
Plant Hire
ONE STOP SHOP
CONTACT:
063 732 0479/ 072 212 2638
Ratlou Bricks
072 212 2638


SLN Roofing
SLN Roofing and Construction Services
Stanley L. Ntuli
072 212 2638 | 065 805 5419
stanley@slnroofing.co.za | stanleyntuli@yahoo.co.za
We offer the following Services:
• Ready made roof trusses
• Erection/Installation of Roof trusses
• Erection/Installation of Tile Roof
• Erection/Installation of Roof Sheeting
• We also provide ITC Certificates (Roof Trusses)
• We provide our own transport for all material needed
• We also do Civil Works
• We do Computer labs, Alarms System, Air conditioners
• Plant Hire


KWEKERY • KOFFIEKROEG
CURIO WINKEL
OORNAG FASILITEITE
MOSSIENES
KWEKERY
Kwekery
Die beste pryse in die vallei !!
Verskeidenheid van plante en bome.
Curio winkel
Geskenke vir jonk en oud
071 691 2190
079 219 2216
mossienesloskop@gmail.com


Jou vriendelike verskaffer oorkant die straat. Tuisgebak, Wildvleis, Braaivleis, kruideniersware. Ons maak gasbottels vol.
Kom probeer gerus ons koeksisters en tuisgebakte pastei.
OPI STOEP SUPERMARK
Work hours :
Monday - Friday : 06:00 - 18:00
Saturday: 06:00 - 17:00
Sunday : 08:00 – 13:00


FOURIE BOU EN ONDERHOUD (PTY) LTD
CIPC Reg: 2019/199398/07
Kobus Fourie
079 500 1741


Le Shank Kitchen @
Kranspoort Golfclub
Business Hours:
Tuesdays till Fridays - 09:00 - 15:00
Saturdays - 07:00 - till late
Sundays - 09:00 - 14:00
MENU
Le Shank Breakfast
"Brekkie Roosterkoek"
Cheese Burger & Chips
Chicken Burger & Chips
Russians & Chips
Steak, Egg & Chips
Chicken Mayo Wrap & Chips
Toasted Sandwiches & Chips
Milkshakes
Tea & Coffee
Phone 078 455 7973


PENTAGON
SECURITY CONSULTANTS
SLEEP SOUNDLY WHILE WE STAND GUARD.
WE SUPPLY AND INSTALL ALARM SYSTEMS. CCTV
ALARM MONITORING AND RESPONSE
CALL US AND BOOK A OBLIGATION FREE APOINTMENT
CALL :
LEONARDUS VAN VREDEN
072-868-6519


Bekostigbare Dekordienste nou in Kranspoort
Eucaluptus
Ons doen al jou spesiale geleenthede: verjaarsdae, troues, spesiale geleenthede. Beste pryse aan Kranspoorters eienaars.
Kontak ons: Eland str 245
Piet en Alida Knoetze
082 2991218


Die Bossalon
Kom doen jou hare in die natuur, geniet terselfdertyd 'n perkuleer koffie in Bossalon blikbekers en ietsie ligs om te eet.
Nuutste haartegnieke soos byvoorbeeld 'oil slick hair' soos op foto.
Die Bossalon is oop op Woensdae Donderdae en Saterdae. Dinsdae en Vrydae is ek in Middelburg, jy is ook welkom as jy op daardie dae in die dorp is om my ook daar te besoek.
Annie Venter
0798914666


LOSKOP
Tuin en Skoonmaak Dienste
Bianca van Vreden
082 325 6235


Wietske Smit
Natuurlewe Kunstenaar
Skilderye van jou keuse, kontak Wietske
vir 'n kwotasie of besoek
haar webwerf en besigtig haar portefeulje.
Kontakbesonderhede:
Sel nr. 0730578221
Webwerf:
www.wietskesmit.co.za
Wietske Smit







BFD se advertensie